

Notes to tables

Tables S-76 to S-79 contain data relating to South Africa's foreign assets and liabilities as at 31 December 1980. This information was originally published as part of the results of the "Third Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets" in the *Supplement to the Bank's Quarterly Bulletin of December 1982*. In this *Supplement* the concepts and definitions used in the census, the method of compilation and valuation of foreign transactions, liabilities and assets, and the main results of the census were described in some detail. The 1980 census results necessitated some revision of the figures for South Africa's liabilities and assets in the years 1974 to 1979. These revised figures are included in Tables S-76 to S-79.

Kwartaalike ekonomiese oorsig

Opsomming en algemene opmerkings

Gedurende 1982 het Suid-Afrika 'n voortsetting van die sikliese afswaai in die reële ekonomiese bedrywigheid wat in die derde kwartaal van 1981 begin het, ondervind en die reële bruto binnelandse produk het met ongeveer 1 persent gedaal. Hierdie negatiewe koers van reële ekonomiese groei was gedeeltelik te wyte aan die ongunstige uitwerking van 'n strawwe droogte in sommige dele van die land op die landbouproduksie. Maar selfs indien die landbou uitgesluit word, het die reële produk van die ander sektore van die ekonomie in 1982 effens gedaal. As deel van die ekonomiese afswaai in 1982 het die groei in werkverskaffing afgeplat en dit het met 'n aansienlike toename in werkloosheid gepaard gegaan.

Die gebrek aan verdere groei in die reële produk en indiensneming van die nie-landbousektore was 'n weerspieëling van sowel die dempende uitwerking van die voortgesette resessie in handelsvennootlande op die uitvoervolume as die verwante afwaartse aanpassing in die binnelandse vraag vanaf sy buitengewoon hoë vlak in 1981. Die reële bruto binnelandse besteding het in werklikheid in 1982 met 3½ persent gedaal.

Die daling in die reële bruto binnelandse besteding het tot 'n aansienlike daling in die invoervolume, in besonder vanaf die tweede kwartaal van 1982, gelei. Die gevolglike daling in die waarde van die invoer het 'n belangrike bydrae gemaak tot 'n skerp ommeswaai in die lopende rekening van die betalingsbalans, naamlik vanaf 'n tekort, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, van bykans R7 miljard in die eerste kwartaal van 1982 tot 'n oorskot van ongeveer R1 miljard in die vierde kwartaal. Afgesien van die uitwerking van die dalende invoer, is die lopende rekening verstewig deur 'n skerp styging in die goudprys gedurende die tweede helfte van 1982.

Die verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans het met 'n netto invloeiing van kapitaal gedurende die tweede helfte van die jaar gepaard gegaan. In die besonder is 'n netto inwaartse beweging van korttermynfondse aangemoedig deur die kombinasie van relatief hoër nominale rentekoerse in Suid-Afrika as in die buiteland en verwagtings dat die rand sou appresieer. As gevolg van die verstewiging van sowel die lopende as die kapitaalrekening, het die betalingsbalans in sy geheel gedurende hierdie tydperk 'n oorskot getoon, wat weer gelei het tot 'n aansienlike toename in die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes en 'n appresiasie van die rand teenoor ander geldeenhede.

'n Belangrike oogmerk van die monetêre beleid in 1982 was om die baie hoë koers van monetêre uitbreiding in die voorafgaande twee jare te verminder ten einde die buitensporige monetêre vraag te demp. Hierdie oogmerk is bereik vir sover die groeiakoers in die

breë geldhoeveelheid (M_2) van 27 persent in 1980 en 25 persent in 1981 tot 17 persent in 1982, verlangsaam het. Trouens, gedurende die tweede helfte van 1982 het M_2 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 14 persent toegeneem. Omdat daar slegs 'n geleidelike verswakking van die private sektor se sterk vraag na bankkrediet was, is die monetêre beheer deur die toename in die netto buitelandse reserwes bemoeilik. Groter klem moes gevolglik geplaas word op ope-marktransaksies deur die Reserwebank en 'n gepaste beleid van beheer oor die staatskuld ten einde die groei in die geldhoeveelheid te beperk. In ooreenstemming met hierdie benadering, het die netto bankkrediet aan die regeringsektor gedurende 1982 aansienlik gedaal en dit het 'n sterk teenwerkende inkrimpingseffek op die geldhoeveelheid gehad.

In die finansiële markte was daar in die loop van 1982 'n basiese verandering in die verhouding tussen vraag en aanbod, in besonder gedurende die tweede helfte van die jaar. Aan die een kant het die vraag na fondse verlangsaam namate die ekonomiese afswaai voortgegaan het, terwyl daar aan die ander kant 'n verdere uitbreiding, alhoewel teen 'n laer koers, in die likwiditeit van die private sektor was. As 'n weerspieëling van hierdie verandering het kort- sowel as langtermynrente-koerse in die derde kwartaal sikliese hoogtepunte bereik en daarna gedaal. Verwagtings aangaande so 'n daling in rentekoerse het opsigself aanleiding gegee tot grootskaalse transaksies in effekte, wat die uitwerking gehad het om effektepryse op te stoot en die tempo van rentekoersdalings te versnel. Hierdie verwagtings is aansienlik versterk deur die daling in buitelandse rentekoerse en die styging in die goudprys. Groter bedrywigheid en vinnig dalende rente- en opbrengskoerse is in die geldmark en sekere afdelings van die kapitaalmark, soos die mark vir vaste-rentedraende effekte en die aandelemark, ondervind. Verdere aanduidings van die groter finansiële bedrywigheid was die meer uitgebreide uitleenbedrywigheid in die verbandmark en die voortgesette lewendigheid van die mark vir vaste eiendom.

As 'n gedeeltelike weerspieëling van die inflasionistiese uitwerking van die aansienlike depresiasie van die rand tussen Desember 1980 en die derde kwartaal van 1982, het die inflasiekoers gedurende 1982 slegs marginaal gedaal. In Januarie 1983 was verbruikerspryse byvoorbeeld nog steeds 14,4 persent hoër as in Januarie 1982, 'n koers van toename wat aansienlik hoër was as dié in handelsvennootlande.

As gevolg van die hoë voorkeur wat aan die verlang-saming van die inflasiekoers verleen is, het beheer oor geld, krediet en rentekoerse van wesenlike belang gebly. Die verbetering in die betalingsbalans in sy geheel en die gevolglike toename in die netto buitelandse reserwes gedurende die tweede helfte van 1982 het ver-

eis dat die owerhede bykomende maatreëls moes neem om monetêre beheer te behou. Hierdie maatreëls het bestaan uit 'n appresiasie van die rand en 'n vermindering van die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor as 'n manier om die ekspansionistiese uitwerking van die toename in die netto buitelandse reserwes teen te werk.

Derhalwe het die Regering met ingang 7 Februarie 1983 die valutabeheer oor nie-inwoners afgeskaf en terselfdertyd die valutabeheer oor Suid-Afrikaanse inwoners verslap. Die eersgenoemde maatreël het die verdwyning beteken van die tweeledige wisselkoersstelsel wat in een of ander vorm bestaan het sedert valutabeheer oor nie-inwoners in 1961 vir die eerste keer in Suid-Afrika ingestel is. In die toekoms sal die opbrengs van die verkope van beleggings wat deur nie-inwoners besit word, vryelik vanaf Suid-Afrika oordraagbaar wees deur die gewone bankkanale en teen die heersende enkelvoudige wisselkoers van die rand. Vanaf 7 Maart is valutabeheer oor Suid-Afrikaanse inwoners verder verslap toe die perke op die saldo's wat handelaars in buitelandse valuta in die buiteland mag hou, verhoog is. Daarbenewens word bankinstellings toegelaat om nuwe korttermyn-valutaruilooreenkomste met die Reserwebank aan te gaan, waarvolgens die banke VSA-dollars kan bekom teen kontantbetaling in rand.


Binnelandse ekonomiese bedrywigheid*

Negatiewe reële ekonomiese groeikoers

Die ekonomiese afswaai, wat in die derde kwartaal van 1981 begin het, het in 1982 voortgeduur. Dit is weerspieël in 'n afname van ongeveer 1 persent in die reële bruto binnelandse produk. Uitsluitende die landbou, het die reële produk van die ander sektore van die ekonomie met ongeveer 1/2 persent gedaal. Op 'n kwartaalbasis het die totale reële bruto binnelandse produk gedurende die eerste drie kwartale van 1982 gedaal, maar in die vierde kwartaal teruggeswaai, toe die reële landbouproduksie skerp toegeneem het as gevolg van die insameling van 'n groot koringoes. Die reële produk van die nie-landbousektore het egter regdeur 1982 opeenvolgende kwartaallike dalings getoon.

Aangesien invoerpryse vinniger gestyg het as uitvoerpryse (insluitende die verandering in die goudprys), het Suid-Afrika se rullvoet in 1982 versleg. Dit het veroorsaak dat die reële bruto *nasionale* produk vinniger as

Reële bruto binnelandse produk



*Kwartaallike verandering is op seisoensaangesuiwerde gegewens gebaseer.

Persentasieverandering in reële bruto binnelandse en nasionale produk

	1980	1981	1982
Primêre sektore	4½	1	-4
Landbou	13	3	-7½
Goudmynbou	-4½	-2½	1½
Nie-goudmynbou	4½	1	-5½
Sekondêre sektore	10½	7	-2
Fabriekswese	11	6½	-2½
Elektrisiteit, gas en water	9	11	6
Konstruksie	8	8	-4
Tersiêre sektore	6½	5	1
Handel en akkommodasie	10	7½	-1
Dienste	5½	4	1½
Totale bruto binnelandse produk	8	5	-1
Nie-landbousektore	7	5	-½
Bruto nasionale produk	11	1½	-2½

die reële bruto *binnelandse* produk gedaal het, naamlik met ongeveer 2½ persent.

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die reële opbrengs van al die sektore van die ekonomie, met die uitsondering van goudmynbou, in 1982 óf gedaal óf 'n laer koers van toename as in 1981 getoon. In die primêre sektore het die reële landbouproduksie as gevolg van die strawwe droogtetoestande in die somerreënvalstreke gedaal, terwyl die afname in die reële nie-goudmynbouproduksie die laer buite- en binnelandse vraag na metale en minerale weerspieël het. Die reële toegevoegde waarde van die goudmynbou het, aan die ander kant 'n toename getoon vanweë 'n styging in die tonne-maat erts gemaak. Die gemiddelde van die graad van die erts gemaak het vanaf 1981 tot 1982 min verandering getoon.

In die sekondêre sektore is 'n toename, alhoewel teen 'n laer koers as in 1981, in die reële produksie van die sektor elektrisiteit, gas en water gehandhaaf, maar die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese en konstruksie het in 1982 gedaal. Die laer reële fabrieksproduksie het afnames in die reële bruto binnelandse besteding en in die volume van die uitvoer weerspieël, terwyl die reële produk van die konstruksiebedryf nadelig beïnvloed is deur 'n sikliese afswaai van reële vaste besteding aan geboue en ander konstruksiewerke.


In die tersiêre sektore was die afname in die reële toegevoegde waarde van die handel beperk tot die groothandel en die motorhandel. Die reële toegevoegde waarde van die kleinhandel het verder gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n hoër vlak van die reële private verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere. Die belangrikste bydrae tot die toename in die reële toegevoegde waarde van die dienstesektore is deur algemene owerheidsdienste gemaak. 'n Gedeeltelik neutraliserende afname het voorgekom in die reële produk van die vervoer- en kommunikasiedienste, hoofsaaklik as gevolg van die kleiner landbouproduksie, 'n afname in die volume van in- en uitvoer, en die algemeen laer vlak van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid.

Die toename in die nominale bruto binnelandse produk, wat van 30 persent in 1980 tot 14 persent in 1981 verlangsamer het, het in 1982 verder tot ongeveer 12½ persent verminder. Die totale vergoeding van werknemers het met 19 persent toegeneem, wat aansienlik laer as die 23½ persent in 1981 was. Die bruto bedryfsurplus het met slegs 1½ persent toegeneem, terwyl die netto bedryfsurplus met 8 persent gedaal het, hoofsaaklik as gevolg van 'n skerp daling in die landbouinkome en afnames in mynbou-, nywerheids- en handelswinste.

Afname in totale reële bruto binnelandse besteding

Die aanpassingsproses in die Suid-Afrikaanse ekonomie is duidelik in die afname van omtrent 3½ persent in die reële bruto binnelandse besteding in 1982 weerspieël. Hierdie afname het op buitengewone hoë koerse van toename van onderskeidelik 13 persent en 10 persent in 1980 en 1981 gevolg. Klein toenames in reële private en owerheidsverbruiksbesteding in 1982 is meer as geneutraliseer deur afnames in reële vaste en voorraadinvestering. Die afname in die totale reële bruto binnelandse besteding het in die tweede kwartaal van 1982 begin en het gedurende die daaropvolgende twee kwartale voortgeduur. In die laaste kwartaal van die jaar het al die komponente van die binnelandse besteding dalings getoon.

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1975-pryse



Persentasieverandering in reële bruto binnelandse besteding


	1980	1981	1982
Private verbruiksbesteding.....	9	6½	2
Owerheidsverbruiksbesteding	9	2½	3½
Bruto binnelandse vaste investering	14½	11½	-2½
Verandering in voorrade (1975 R miljoene).....	1 185	1 960	-291
Bruto binnelandse besteding	13	10	-3½

Klein toenames in reële private en owerheidsverbruiksbesteding

Reële private verbruiksbesteding het in 1982 met 2 persent toegeneem, 'n groeikoers wat aansienlik laer as die 9 persent in 1980 en die 6½ persent in 1981 was. Reële besteding aan duursame verbruiksgoedere het gedurende 1982 deurlopend afgeneem en vir die jaar in sy geheel het die daling 2½ persent bedra. Reële besteding aan semi-duursame goedere het 'n effens kleiner afname van 1½ persent getoon. Die meer noodsaaklike besteding aan nie-duursame verbruiksgoedere en aan dienste het regdeur 1982 geleidelik gestyg en in reële terme is toenames van onderskeidelik 3½ persent en 4½ persent aangeteken.

Die baie kleiner toename in reële private verbruiksbesteding in 1982 moet in verband gebring word met die gebrek aan groei in die reële persoonlike beskikbare in-

Private verbruiksbesteding teen konstante 1975-pryse




kome. 'n Geringe toename in reële salarisse en lone is bykans geheel en al geneutraliseer deur 'n afname in reële inkomme uit eiendom, wat in 'n groot mate deur laer landbou-inkome veroorsaak is.

Reële owerheidsverbruiksbesteding wat sedert die begin van 1980 tot die tweede kwartaal van 1982 'n matig stygende neiging getoon het, het in die tweede helfte van die jaar skerp gedaal. In 1982 in sy geheel was reële owerheidsverbruiksbesteding ongeveer 3½ persent hoër as in 1981. Reële salarisse en lone, wat grotendeels groter indiensneming deur die algemene owerheid weerspieël het, het met 3 persent gestyg, terwyl ander reële verbruiksuitgawes met 5½ persent toegeneem het.

Afname in reële vaste en voorraadinvestering

Die afswaai in die totale reële bruto binnelandse vaste investering vanaf die tweede kwartaal van 1982 het in die derde en vierde kwartale aansienlike stukrag gekry. In 1982 in sy geheel het dit met 2½ persent afgeneem. In teenstelling met die uitsonderlike groot toenames in reële private vaste investering in 1980 en 1981, is 'n klein toename van omtrent ½ persent in 1982 aangete-

Bruto binnelandse vaste investering teen konstante 1975-pryse



ken. Reële vaste kapitaalbesteding in die landbou-, mynbou- en finansiële dienstesektor het in 1982 afgeneem, terwyl dié in die fabriekswese, handel en woningbou teen baie laer koerse as in 1981 gestyg het. Nieteenstaande die verlansaming in die toename van reële bruto vaste investering deur die private fabriekswese, het hierdie besteding steeds die vervangingsuitgawes oortref. Bykomende produksiekapasiteit is derhalwe steeds geskep in 'n tydperk waarin fabrieksproduksie reeds aan die afneem was. Dit het bygedra tot 'n afname in die benutting van produksiekapasiteit in die totale fabriekswese, naamlik van 'n hoogtepunt van 90 persent in die derde kwartaal van 1981 tot 86 persent in die vierde kwartaal van 1982.

Reële vaste investering deur die openbare owerhe- de, wat in 1981 taamlik skerp gestyg het, het in 1982 met slegs 1½ persent toegeneem. Hierdie verlansaming is meegebring deur 'n afname in die besteding aan openbare behuisingsprojekte en kapitaalprojekte van die algemene owerheid asook 'n laer koers van toename in die vaste kapitaaluitgawes van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste. Aan die ander kant het die reële vaste investering deur die Departement Pos- en Telekom- munikasiewese in 1982 'n aansienlike toename getoon.

Reële vaste investering van die openbare korporasies het in 1982 skerp met ongeveer 12½ persent afgeneem. Dit was die netto resultaat van 'n aanmerklike toename in die vaste kapitaalbesteding van Evkom en 'n meer as neutraliserende daling in dié van Sasol. Laasgenoemde het die naderende voltooiing van Sasol se derde olie-uit-steenkoolaanleg weerspieël.

Volgens hersiene ramings, het reële voorrade in die tweede kwartaal van 1982 begin daal. Teen die vierde kwartaal was die dalende fase van die voorradesiklus reeds sterk aan die gang en in hierdie kwartaal het reële voorrade teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1,1 miljard gedaal. Vir 1982 in sy geheel het die afna-

me R0,3 miljard bedra, vergeleke met 'n opbouing van R2,0 miljard in 1981. Hierdie ommeswaai het wesenlik bygedra tot die laer vlak van reële bruto binnelandse be- steding en van die volume van goedere-invoer in 1982. Met die uitsondering van matige toenames in die vee- stapel en diamantvoorraad, het al die ander hoofgroepe van voorrade in 1982 afgeneem. Die verhouding van reële voorrade (uitgesonderd strategiese en landbou- voorrade) tot die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore, het van sy mees onlangse hoogte- punt van 35½ persent in die eerste kwartaal van 1982 tot 34½ persent in die vierde kwartaal gedaal.

Laer vlak van bruto binnelandse besparing


Bruto binnelandse besparing het in 1982 R18,5 miljard bedra, of R2,1 miljard minder as in 1981. As 'n verhou- ding van die bruto binnelandse produk het die bruto bin- nelandse besparing van 35 persent in 1980 tot 29½ persent in 1981 en tot 23½ persent in 1982 afgeneem. In verhouding tot die bruto binnelandse investering van R21,5 miljard in 1982 was daar 'n binnelandse bespa- ringstekort van R3,0 miljard, wat gefinansier moes word uit óf buitelandse reserwes óf deur middel van buitelandse fondse. Afgesien van 'n toename in die voorsiening vir waardevermindering, het al die ander komponente van besparing, naamlik persoonlike, ower- heids- en maatskappybesparing, in 1982 afgeneem. Ver- al persoonlike besparing het 'n baie lae vlak bereik en slegs 4½ persent van persoonlike beskikbare inkome bedra. Hierdie verhouding was nie alleen kleiner as die alreeds lae syfer van 6½ persent in 1981 nie, maar ook heelwat laer as die langtermyn gemiddeld van ongeveer 10 persent.

Klein toename in nie-landbouwerkverskaffing*

As deel van die algemene afname in ekonomiese bedry- wigheid het die toename in nie-landbouwerkverskaf- fing in die eerste helfte van 1982 begin afplat en in die derde kwartaal in werklikheid gedaal. Die gemiddelde vlak van werkverskaffing in die nie-landbousektore in die eerste drie kwartale van 1982 was slegs 0,9 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar, teenoor 'n styging van 2,9 persent in 1981.


Die groei in werkverskaffing in die eerste nege maan- de van 1982 was tot die openbare sektor beperk. Werk- verskaffing in die private sektor het opeenvolgende kwartaallike afnames gedurende hierdie tydperk ge- toon. Die afdanking van werknemers in die private sek- tor word geïllustreer deur die feit dat die vlakke van werkverskaffing in die belangrikste afdelings van die private sektor in die derde kwartaal van 1982 merkbaar laer as in die ooreenstemmende kwartaal van 1982 was. Die volgende afnames is byvoorbeeld aangete-

Verandering in voorrade teen konstante 1975-pryse



*Gegewens met betrekking tot werkgeleentheid en vergoeding van arbeid in die nie-landbousektore van die ekonomie is slegs tot die derde kwartaal van 1982 beskikbaar.

Werkverskaffing



ken: 1,5 persent in die fabriekswese; 2,0 persent in konstruksie; 1,7 persent in goudmynbou; en 11,0 persent in nie-goudmynbou. Die laer vraag na arbeid in die private sektor is ook weerspieël deur afnames van 5,2 persent en 3,7 persent vanaf die derde kwartaal van 1981 tot die derde kwartaal van 1982 in die totale aantal ure gewerk deur produksiewerke in die fabriekswese en konstruksie, onderskeidelik. Daarbenewens het die aantal oortydure in verhouding tot gewone ure in die fabriekswese gewerk van 'n onlangse piek van 15,1 persent in Augustus 1981 tot 10,3 persent in September 1982 afgeneem. Die ooreenstemmende afname in konstruksie was van 10,4 tot 8,7 persent.

Die afplatting in die groei van werkverskaffing is deur 'n toename in werkloosheid weerspieël. Die seisoens-aangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het van 15 336 in Desember 1981 tot 32 569 in Desember 1982 en verder tot 34 096 in Januarie 1983 gestyg. Die verhouding van werklose Swartes tot die ekonomies-bedrywige Swart bevolking het gestyg van 8,0 persent in November 1981 tot 9,2 persent in November 1982.

Afname in arbeidsproduktiwiteit

Werkgeleentheid het nie die ekonomiese afswaai in dieselfde mate weerspieël as die reële produksie nie. Gevolglik was die arbeidsproduktiwiteit, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse produk per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, in die eerste drie kwartale van 1982 marginaal laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1981. In 1981 is 'n produktiwiteitstoename van 2,0 persent aangeteken. Die koers van toename in produksie per man-uur in die fabriekswese, waarvoor meer omvattende gegewens beskik-

Werkloosheid



baar is, het van 3,4 persent in 1981 tot 1,9 persent in die eerste drie kwartale van 1982 verlangsaam.

Effens laer koers van toename in salarisse en lone

Nominale salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie, wat in 1981 met 20,5 persent gestyg het, was in die eerste drie kwartale van 1982 gemiddeld 19,0 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1981. Die toename in reële salarisse en lone per werker het van 4,6 persent in 1981 tot 3,6 persent in die eerste drie kwartale van 1982 verlangsaam.

Die volgehoue hoë koers van toename in nominale salarisse en lone per werker gedurende 'n tydperk van dalende arbeidsproduktiwiteit het tot 'n styging in arbeidseenheidskoste gelei. In die nie-landbousektore het die styging in arbeidseenheidskoste versnel van 18,1 persent in 1981, tot 19,2 persent in die eerste drie kwartale van 1982, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar.


Volgehoue hoë koerse van toename in pryse

Verbruikerspryse, wat in 1981 met 15,2 persent toege- neem het, was in 1982 gemiddeld 14,7 persent hoër as

in die voorafgaande jaar. Die toename in voedselpryse het van 22,0 persent in 1981 tot 11,2 persent in 1982 verlangsaam. Die toename in die pryse van goedere uitgesonderd voedsel het egter van 12,3 persent in 1981 tot 14,7 persent in 1982 versnel. Daarbenewens het die styging in die koste van dienste skerp versnel van 13,5 persent in 1981 tot 17,9 persent in 1982. Die effense laer koers van toename in die verbruikerspryse in 1982 was toe te skryf aan stadiger prysstygings gedurende die tweede helfte van die jaar. In Januarie 1983 was verbruikerspryse 14,4 persent hoër as in Januarie 1982, terwyl die ooreenstemmende koers van toename in Junie nog soveel as 16,0 persent bedra het.

Die gemiddelde vlak van produksiepryse het in 1982 met 13,9 persent gestyg, vergeleke met 'n effens laer styging van 13,5 persent in 1981. Hierdie versnelling was die gevolg van 'n hoër koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere. 'n Toename van 10,7 persent in 1981 is gevolg deur 'n styging van 15,2 persent in 1982, hoofsaaklik as gevolg van die gesloerde uitwerking van die depresiasie van die rand teenoor ander geldeenheede gedurende 1981 en die eerste helfte van 1982. Die styging in die pryse van binnelands-geduseerde goedere het egter van 14,2 persent in 1981 tot 13,6 persent in 1982 verlangsaam. Net soos in die geval van die verbruikerspryse, het die toenames in die produksieprysindeks gedurende die tweede helfte van 1982 verlangsaam. Die koers van verandering oor 'n tydperk van twaalf maande, het in Januarie 1983 13,7 persent beloop, vergeleke met 14,6 persent in Junie 1982.

Pryse



Betalingsbalans


Snelle verbetering van lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans, wat sedert die begin van 1981 'n tekort getoon het, het in die vierde kwartaal van 1982 weer 'n oorskot aangeteken. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het hierdie oorskot R1 104 miljoen bedra, terwyl die lopende rekening so onlangs as die eerste kwartaal van 1982, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, nog 'n tekort van nie minder nie as R6 565 miljoen getoon het. Die saldo op die lopende rekening het derhalwe binne 'n betreklik kort tydperk van nege maande skerp omgeswaai. As gevolg van hierdie snelle verbetering was die tekort op die lopende rekening van R3 037 miljoen in 1982 in sy geheel aansienlik kleiner as die tekort van R3 701 miljoen in 1981.

Die opmerklike verbetering van die lopende rekening sedert die eerste kwartaal van 1982 was hoofsaaklik die gevolg van 'n skerp daling in die goedere-invoer en 'n aansienlike styging in die waarde van die netto goudproduksie. Daarbenewens het die goedere-uitvoer ietwat gestyg. Netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld, het egter van die eerste tot die vierde kwartaal van 1982 'n verdere styging getoon.

As 'n weerspieëling van die verlangsaaming in die binnelandse ekonomiese bedrywigheid, en meer in besonder in die bruto binnelandse besteding, het die seisoensaangesuiwerde waarde van die invoer van die eerste tot die vierde kwartaal van 1982 met 18½ persent gedaal. Die totale goedere-invoer in 1982 was egter slegs marginaal laer as in 1981. Ten spyte van die laer koerse van inflasie in die nywerheidslande, het invoerpryse uitgedruk in rand in 1982 met 17½ persent gestyg vanweë die depresiasie van die rand gedurende 'n groot gedeelte van die jaar. Aan die ander kant was

Saldo op lopende rekening



Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoers
R miljoene

	1981		1982			
	Jaar	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jaar
Goedere-uitvoer	9 579	10 008	10 046	10 108	10 366	10 132
Netto goudproduksie	8 340	6 970	7 085	9 482	10 971	8 627
Goedere-invoer.....	-18 111	-20 070	-19 320	-16 679	-16 327	-18 099
Netto dienste- en oordragbetalings	-3 509	-3 473	-3 273	-4 136	-3 906	-3 697
Saldo op lopende rekening	-3 701	-6 565	-5 462	-1 225	1 104	-3 037

die volume van invoer, wat van die derde kwartaal van 1981 begin daal het, in 1982 15 persent laer as in die voorafgaande jaar. Vanaf die eerste kwartaal van 1982 tot die vierde kwartaal het die invoervolume met soveel as 26½ persent gedaal tot 'n vlak gelykstaande aan 15 persent van die reële bruto binnelandse produk. Hierdie verhouding was heelwat laer as die gemiddelde van 21½ persent vir die na-oorlogse tydperk.

Die waarde van die netto goudproduksie het vanaf die tweede tot die vierde kwartaal van 1982 aansienlik met 55 persent gestyg vanweë 'n skerp styging in die prys van goud sowel as 'n matige toename in die goudproduksie. Op die Londense mark het die prys van goud per fyn ons gestyg van 'n gemiddelde van VSA \$348 in die eerste helfte van 1982 tot VSA \$380 in die derde kwartaal en VSA \$427 in die vierde kwartaal. In Januarie en Februarie 1983 was die goudprys gemiddeld VSA

\$487 per fyn ons. Vanaf 22 Februarie het die goudprys egter skerp begin daal van VSA \$503 tot onder die VSA \$400 per fyn ons, voordat dit weer op 4 Maart tot VSA \$413 per fyn ons herstel het. In 1982 het die goudprys gemiddeld VSA \$376 per fyn ons beloop, vergeleke met VSA \$460 in 1981. As gevolg van die depresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar, het die randprys van goud van R400 per fyn ons in 1981 tot R409 in 1982 gestyg. As 'n weerspieëling van hierdie prysstyging, sowel as 'n klein volumetoename, was die waarde van die netto goudproduksie in 1982 3,5 persent hoër as in 1981.


Die goedere-uitvoer het volgehou om die gedempte saketoestand in handelsvennootlande te weerspieël en het slegs 'n klein bydrae tot die verbetering in die lopende rekening in 1982 gemaak. Die klein toename van 6 persent in die waarde van die uitvoer in 1982 was aan 'n styging in uitvoerpryse te danke. Die volume van die uitvoer het in werklikheid in 1982, met 3 persent gedaal. Die hoër uitvoerpryse het hoofsaaklik die depresiasie van die rand weerspieël. Slegs gedurende die tweede helfte van 1982 het die pryse van sommige uitvoerprodukte, soos platina, silwer, steenkool, ystererts, nikkell en koper, begin styg. Volgens die indeks van kommoditeitspryse, soos saamgestel deur die *Economist*, was hierdie pryse in 1982 gemiddeld omtrent 17 persent laer as in 1981.

In teenstelling met die ander hoofposte op die lopende rekening, het die netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders nie in 1982 tot die verbetering in die saldo op die lopende rekening bygedra nie. Die toename in hierdie betalings in 1982 was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n skerp styging in rentebetalings op buitelandse lenings asook matig hoër toeristebesteding. Dividendbetalings op buitelandse beleggings het in 1982 merkbaar gedaal, hoofsaaklik as gevolg van laer goudmynwinste.

Aansienlike netto invloeiing van kapitaal

Nie alleen het die lopende rekening van die betalingsbalans in die loop van 1982 verbeter nie, maar die kapitaalrekening is deur 'n aansienlike netto invloeiing van fondse versterk, veral gedurende die tweede helfte van die jaar. Die netto kapitaalinvloeiing (uitgesonderd laste verwant aan reserwes, maar met inbegrip van foute en weglatings) het in 1982 R2 614 miljoen bedra, vergeleke met R866 miljoen in 1981.

Lopende rekening van die betalingsbalans



Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)
R miljoene

	1981		1982			Jaar
	Jaar	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	
Langtermynkapitaal						
Sentrale regering en banksektor	167	306	346	201	272	1 125
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	666	47	70	112	106	335
Private sektor.....	-291	242	158	143	-90	453
Totaal	542	595	574	456	288	1 913
Korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, insluitende foute en weglatings.....	324	-607	-3	531	780	701
Totale netto kapitaalbewegings	866	-12	571	987	1 068	2 614

Soos in die bygaande tabel getoon word, het die grootste deel van die netto kapitaalinvloeiing in 1982 uit langtermynkapitaal bestaan. Lenings wat in die buiteland deur die Tesourie, die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese aangegaan is, was vir die grootste deel van die langtermynkapitaalinvloeiing verantwoordelik. Hierbenevens was daar 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal, hoofsaaklik in die vorm van buitelandse lenings, na die openbare korporasies en die private sektor.

'n Aansienlike uitvloeiing van korttermynkapitaal (uitgesonderd veranderinge in laste verwant aan buitelandse reserwes) het in die eerste kwartaal van 1982 plaasgevind, maar dit is deur 'n groot invloeiing gedurende die tweede helfte van die jaar gevolg. Die netto inwaartse beweging van korttermynfondse is aangemoedig deur die relatief hoër rentekoerse in Suid-Afrika en verwagtings dat die rand teenoor ander geldeenhede sou appresieer.


Toename in goud- en ander buitelandse reserwes

Die totale netto goud- en ander buitelandse reserwes het in die eerste helfte van 1982 met R2 168 miljoen gedaal, maar in die derde kwartaal met R688 miljoen en in die vierde kwartaal met R1 057 miljoen toegeneem as gevolg van 'n verbetering in sowel die lopende as die kapitaalrekening van die betalingsbalans. Per saldo het die netto buitelandse reserwes in 1982 met R423 miljoen gedaal, teenoor 'n afname van R2 835 miljoen in 1981. Die toename in die netto buitelandse reserwes gedurende die tweede helfte van 1982 het met 'n vermindering van R2 039 miljoen in die laste verwant aan reserwes gepaard gegaan. Voor hierdie vermindering, het hierdie laste gedurende 1981 met R1 830 miljoen en gedurende die eerste helfte van 1982 met 'n verdere R2 369 miljoen gestyg. Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes het gedurende 1982 met R67 miljoen tot 'n vlak van R4 312 miljoen aan die einde van die jaar toegeneem.

Gedurende Januarie 1983 het die Reserwebank sy laste verwant aan reserwes met 'n verdere R320 miljoen verminder. Die bank se bruto buitelandse reserwes,

insluitende die herwaardasie van die goudreserwes teen 'n hoër prys, het nogtans met R731 miljoen toegeneem.

Veranderinge in netto buitelandse reserwes en laste verwant aan reserwes




Verandering in rigting van wisselkoersbewegings

Die effektiewe wisselkoers van die kommersiële rand, wat gedurende die eerste ses maande van 1982 met 9,8 persent gedaal het, het gedurende die tweede helfte van die jaar met 7,2 persent toegeneem. Hierdie patroon van verandering was naastenby verteenwoordigend van bewegings in die rand se wisselkoers teenoor belangrike individuele wêreldgeldeenheede in die loop van 1982. Per saldo het die rand gedurende 1982 in sy geheel teenoor die VSA-dollar, die Duitse mark, die Switserse frank en die Japanse jen gedeprimeer, maar teenoor die Britse pond en die Franse frank geappreieer. Gedurende Januarie en Februarie 1983 het die effektiewe wisselkoers van die rand met 1,4 persent toegeneem, wat 'n appresiasie van die rand teenoor die meeste van die belangrikste geldeenheede weerspieël het. Teenoor die VSA-dollar het die rand egter gedurende hierdie twee maande effens gedeprimeer.

In teenstelling met die deprimeer van die kommersiële rand, het die finansiële rand gedurende die eerste sewe maande van 1982 'n taamlik stabiele wisselkoers teenoor die VSA-dollar gehandhaaf. Tesame met die deprimeer van die kommersiële rand, het dit tot 'n aansienlike afname in die finansiële randdiskonto gelei, naamlik van 23,4 persent aan die einde van 1981 tot 9,3 persent aan die einde van Julie 1982. Vervolgens het die finansiële rand gedurende Augustus en September met 8,5 persent gedeprimeer, voordat dit weer gedurende die volgende drie maande met 4,8 persent geappreieer het. Die netto resultaat van hierdie veranderinge was 'n deprimeer van 5,3 persent in die finansiële rand gedurende 1982. Aan die einde van Desember 1982 was die finansiële randdiskonto 18,7 persent. Gedurende Januarie 1983 het die finansiële rand met 1,7 persent teenoor die VSA-dollar geappreieer en het die finansiële randdiskonto tot 17,8 persent gedaal.

Met ingang 7 Februarie 1983 is valutabeheer oor niu-woners afgeskaf. Dit het die verdwyning van die finansiële rand en die dubbele wisselkoersstelsel wat voorheen bestaan het, beteken. Die onmiddellike gevolg van hierdie stap was dat die rand, onder die nuwe enkelvoudige wisselkoersstelsel, op 7 Februarie met effens meer as 5 persent teenoor die VSA-dollar gedeprimeer het, terwyl die effektiewe wisselkoers van die rand met ongeveer dieselfde persentasie gedaal het.

Wisselkoerse



Daarna het die rand tot 4 Maart weer met 4,3 persent teenoor die VSA-dollar geappreieer en die effektiewe wisselkoers het met 3,1 persent gestyg.

Veranderinge in die wisselkoers van die kommersiële rand

%

	Des. 1981 tot Junie 1982	Junie 1982 tot Des. 1982	Des. 1981 tot Des. 1982	Des. 1982 tot Feb. 1983
Effektiewe wisselkoers	-9,8	7,2	-3,3	1,4
VSA-dollar	-16,2	6,3	-10,9	-0,5
Britse pond	-8,2	14,5	5,1	5,6
Duitse mark	-8,9	3,3	-5,9	1,0
Switserse frank	-2,4	1,3	-1,1	1,4
Japanse jen	-3,0	-1,8	-4,8	-0,3
Franse frank	-0,1	5,3	5,2	1,3

Geld- en bankwese

Verlangsaming van monetêre uitbreiding


Die uitermate hoë koers van monetêre uitbreiding vanaf die middel van 1980 tot vroeg in 1982, het in die loop van 1982 aansienlik verlangsaam. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die toename in die breë geldhoeveelheid (M_2) van 21 persent in die eerste helfte van 1982 tot 14 persent in die tweede helfte afgeneem. Die ooreenstemmende groeikoerse in die eng geldhoeveelheid (M_1) het onderskeidelik 19 persent en 14 persent bedra. Gedurende 1982 in sy geheel het M_2 en M_1 met onderskeidelik 17 persent en 16 persent gestyg, terwyl die ooreenstemmende koerse van toename gedurende 1981 soveel as 25 persent en 34 persent bedra het.

Oorsake van veranderings in M_2

Soos in die bygaande tabel getoon word, was die belangrikste statistiese "oorsaak" van die verandering in M_2 gedurende 1982 'n toename in bankkrediet aan die private sektor. Daarbenewens is M_2 ook vergroot deur 'n toename in die "netto ander bates" van die monetêre banksektor, wat hoofsaaklik bestaan het uit eise van die Reserwebank teen die Regering ten opsigte van verliese wat deur die Bank gely is op termynvalutakontrakte wat namens die Regering gehanteer is. 'n Matige afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor, 'n aansienlike daling in die netto bankkrediet aan die regeringsektor en 'n klein toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by monetêre bankinstellings het gedurende 1982 'n vernouende invloed op M_2 uitgeoefen.

Die verlangsaming in die koers van monetêre uitbreiding gedurende 1982, veral gedurende die tweede helfte, was 'n weerspieëling van 'n verswakking in die nie-bank private sektor se vraag na bankkrediet namate die ekonomiese afswaai voortgegaan het. Daarbenewens was daar 'n toename in die private sektor se besit aan langtermyndeposito's by die monetêre bankinstellings op 'n tydstip toe langtermynrentekoerse 'n hoogtepunt

Groei van monetêre groothede



bereik het en verwagtings aangaande 'n daling in hierdie koerse sterker geword het. Die hoofrede vir die stadiger monetêre uitbreiding was egter die sukses van die Tesourie se leningsfinansiering en die Reserwebank se optrede in die finansiële markte om die netto bankkrediet aan die regeringsektor te verlaag. Hierteenoor het 'n toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor, as gevolg van die verbetering in die betalingsbalans in sy geheel, as 'n nuwe "oorsaak" van monetêre uitbreiding gedurende die tweede helfte van 1982 te voorskyn getree. Die noodsaaklikheid daarvan om hierdie ekspansionistiese uitwerking op die geldhoeveelheid te


Oorsake van veranderings in M_2

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie		Seisoensinvloed uitgeskakel			
	Jaar 1981	Jaar 1982	1982			
			1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.
Netto goud- en ander buitelandse reserwes.....	-2 835	-433	-1 301	-495	368	992
Netto eise teen regeringsektor.....	809	-2 031	-477	88	-789	-690
Eise teen die private sektor.....	5 632	4 446	1 969	387	1 174	893
Langtermyndeposito's (toename -, afname +).....	-133	-90	172	278	-773	231
Netto ander bates.....	617	1 655
Totaal.....	4 090	3 547	1 765	225	713	753

neutraliseer, het vereis dat die Tesourie en die Reserwebank 'n gepaste vermindering in die monetêre banksektor se netto eise teen die regeringsektor moes bewerkstellig.

Oorsake van verandering in M2



Laer koers van toename in bankkrediet aan die private sektor

Die toename in bankkrediet aan die private sektor, 'n belangrike oorsaak van die vinnige groei in die geldhoeveelheid gedurende onlangse jare, het van 35 persent in 1981 tot 20 persent in 1982 verlangsamer. Hierdie verlangsaming was veral opmerklik in die tweede helfte van die jaar, toe daar 'n merkbare verswakking in die vraag na bankkrediet en 'n vervanging van binnelandse deur buitelandse krediet was. Teen 'n seisoensaangeuiwerde jaarkoers het die toename in die monetêre banksektor se eise teen die private sektor van 23 persent gedurende die eerste helfte van 1982 tot 18 persent gedurende die tweede helfte verminder. Hierdie verandering is in feitlik al die komponente van bankkrediet aan die private sektor weerspieël en in besonder in die diskonteringe en die verskillende soorte lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en monetêre algemene banke.

Bankkrediet aan private sektor



Banklikwiditeit


Die banke se besit aan likwiede bates bo en behalwe die wetlik-vereiste minimum het oor die algemeen tot laat in September 1982 op 'n lae vlak gebly, maar het ná 'n verlagings van die kontantreserwe- en likwiede-bate-vereistes vir bankinstellings op 27 September, toegeneem. Verdere toenames het gedurende die vierde kwartaal en Januarie 1983 voorgekom. Die verhouding van die oorskotbesit aan likwiede bates tot verpligings teenoor die publiek het van 3,4 persent aan die einde van Desember 1981 tot 1,9 persent aan die einde van Junie 1982 gedaal, maar het tot 2,7 persent aan die einde van Desember en 3,4 persent aan die einde van Januarie 1983 gestyg. Die toename in die Reserwebank se netto goud- en ander buitelandse reservés gedurende die tweede helfte van 1982 en Januarie 1983 het 'n ekspansionistiese uitwerking op die banke se werklike besit aan likwiede bates gehad. Die besit aan likwiede bates is gedurende 1982 ook vergroot deur die verdere verlening van krediet in 'n likwiede vorm aan die Landbank en die verhoogde besit aan likwiede bankakseptte. In teenstelling hiermee, is gedurende 1982 'n sterk vernouende invloed op die banke se likwiditeitsbasis uitgeoefen deur 'n skerp toename in regeringsdeposito's.

Geldmarktoestand en rentekoerse

Oor die algemeen het die geldmarktoestand regdeur 1982 stram gebly, maar daar was opmerklige skommelings in die graad van stramheid in die loop van die jaar. So was die mark baie stram gedurende die eerste kwartaal en weer oor die Augustus-maandeinde en die grootste deel van September. Gedurende die oorblywende deel van die jaar was die graad van stramheid ietwat kleiner en teen die einde van die jaar het dit geneig om vinniger te verminder. Die volgehoue stramheid van die mark is geïllustreer deur die feit dat die diskontohuise gedurende die eerste sewe maande van die jaar vir betreklik lang tydperke oor maandeindes deur die Reserwebank, alhoewel teen strafkoerse, geakkommodeer is en dat hulle vanaf 23 Augustus tot die einde van die jaar byna voortdurend in die skuld by die Bank gebly het. Akkommodasie aan die diskontohuise het op 4 September die rekordvlak van R1 163 miljoen bereik en het aan die einde van Desember R748 miljoen bedra.

Geldmarkrentekoerse, wat vanaf die vierde kwartaal van 1980 gestyg het, het teen die einde van September in 'n siklies afwaartse fase inbeweeg. Op daardie tydstop was daar nog steeds 'n ernstige tekort aan fondse in die mark, maar die styging in die goudprys, aanduidings dat die betalingsbalans vinnig verbeter, die daling in buitelandse rentekoerse en 'n kleiner vraag na krediet het aanleiding gegee tot sterk verwagtings dat 'n algemene daling in rentekoerse sou voorkom. Hierdie verwagtings is in die daaropvolgende daling in geldmarkrentekoerse weerspieël. Die koers op bankakseptte van drie maande het byvoorbeeld opwaarts geskom-

Korttermynrentekoerse



mel van 15,25 persent aan die einde van 1981 tot 17,35 persent op 24 September, voordat dit tot 14,25 persent aan die einde van 1982 gedaal het. Die skatkisswissel-tenderkoers het van 14,04 persent aan die einde van 1981 tot 16,35 persent op 24 September gestyg en het daarna tot 14,10 persent aan die einde van 1982 gedaal.

Afgesien van 'n vernouing oor die Desember 1982-maandeinde, het die ruimer marktoestand wat vanaf vroeg in Desember geheers het, in Januarie en die eerste helfte van Februarie voortgeduur. Oor die Februarie-maandeinde het die mark egter 'n sterk seisoenale vernouing ondervind as gevolg van die beweging van belastingfondse na die Regering. Ondanks die ruimer marktoestand gedurende Januarie en die grootste deel van Februarie het die diskontohuise kort aan fondse gebly en is aan die einde van Januarie met R321 miljoen geakkommodeer, selfs nadat die Nasionale Finansiële korporasie daggeld ten bedrae van R104 miljoen op die maandeinde by hul geplaas het. Aan die einde van Februarie het die tekort aan fondse in die mark R823 miljoen beloop, insluitende akkommodasie van R30 miljoen aan bankinstellings. Die tekort is effens verlig deur die Nasionale Finansiële korporasie se daggelddeposito's van R241 miljoen by die diskontohuise.

Ten spyte van die diskontohuise se tekort aan fondse, was daar aanduidings van toenemende likwiditeit in

die mark, waarop die Reserwebank gereageer het deur staatspapier in die mark te verkoop. Die koers op bankaksepte van drie maande het verder tot 11,60 persent op 4 Februarie afgeneem, terwyl die skatkiswisseltenderkoers tot 11,19 persent gedaal het. Onmiddellik na die afskaffing van valutabeheer oor nie-inwoners met ingang 7 Februarie, het die geldmarkrentekoerse kortstondig opwaarts beweeg, maar daarna hul afwaartse beweging hervat. Op 4 Maart het die koers op bankaksepte van drie maande en die skatkiswisseltenderkoers op onderskeidelik 9,30 persent en 8,86 persent gestaan.

Die Bankkoers het gedurende 1982 onveranderd gebly maar die prima-oortrekkingskoers van die verkeningsbanke is verlaag van 20 persent tot 19 persent op 1 November en tot 18 persent van 22 tot 25 November. Daarna is die primakoers verder verlaag tot 17 persent op 24 Januarie, tot 16 persent van 16 tot 24 Februarie 1983 en tot 14 persent op 7 Maart 1983. Die depositokoerse van bankinstellings het oor die algemeen tot aan die einde van September gestyg voordat hulle gedurende die daaropvolgende tydperk verlaag is. Meer inligting oor depositokoerse word in die kapitaalmarkafdeling van hierdie oorsig voorsien.

Reserwebankoptrede in die finansiële markte

Uitgebreide optrede is gedurende 1982 en die eerste twee maande van 1983 deur die Reserwebank in die finansiële markte onderneem met die oog daarop om groot skommelings in geldmarktoestande uit te stryk en om 'n vernouende invloed op die geldvoorraad uit te oefen. Verkope van staatseffekte deur die Bank gedurende hierdie tydperk van veertien maande het R2 283 miljoen bedra, waarvan R1 800 miljoen bestaan het uit effekte wat op aanvraag van die Tesourie verkry is. Die oorblywende deel van die effekte wat deur die Bank in die mark verkoop is, is verkry deur middel van inskrywings op nuwe uitgiftes, opemarkaankope en aankope van die Staatskuldkommissaris, of het verkope uit die Bank se eie staatseffekteportefeulje verteenwoordig.

Vanaf April tot Augustus 1982 het die Bank ook spesiale Skatkiswissels ten bedrae van R372 miljoen verkoop. Hierdie wissels het aan die einde van Augustus verval om met die hoogtepunt in belastingbetalings op daardie datum saam te val. Soortgelyke wissels ten bedrae van R450 miljoen, wat aan die einde van Februarie 1983 verval het, is tussen die begin van Desember 1982 en 17 Februarie 1983 deur die Bank verkoop. As 'n verdere manier om die seisoenale stramheid in die geldmark te verlig, het die Bank op 28 Oktober terugkoop-ooreenkomste met die banke en diskontohuise aangegaan. Hierdie maatreëls is aangevul deur die Nasionale Finansiële korporasie se tydelike plasing van daggeldlenings oor maandeindes by die diskontohuise. Hierdie lenings het R120 miljoen aan die einde van Desember 1982, R104 miljoen aan die einde van Januarie en R241

miljoen aan die einde van Februarie 1983 bedra. Gedurende Februarie het die Reserwebank R150 miljoen se korttermynstaatseffekte uit sy portefeulje op 'n tenderbasis verkoop.

Staatsfinansies

Toenames in skatkisuitreikings* en -ontvangste albei hoër as begrotingsramings

Gedurende die eerste nege maande van die fiskale jaar 1982/83, dit wil sê die tydperk vanaf April tot Desember 1982, was die toenames in skatkisuitreikings en -ontvangste albei heelwat hoër as die begrotingsramings vir die fiskale jaar in sy geheel. Dit word egter in vooruitsig gestel dat die skatkistekort, voor lenings en skuldaflossings, vir die fiskale jaar in sy geheel laer sal wees as die oorspronklike begrotingsyfer wat op R2 380 miljoen, of effens minder as 3 persent van die bruto binnelandse produk, geraam is.


Vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar, het die skatkisuitreikings in die eerste nege maande van 1982/83 met 16,1 persent toegeneem, teenoor 'n oorspronklike begrotingsraming van 11,5 persent vir die volle fiskale jaar. Die toe-

name in die uitreikings het in die loop van 1982/83 effens verlangsamer, naamlik van 16,8 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar tot 15,2 persent in die derde kwartaal. Die Addisionele Begroting, wat op 1 Maart 1983 aan die Parlement voorgelê is, het voorsiening gemaak vir bykomende besteding van R797 miljoen in die fiskale jaar 1982/83. Hierdie bykomende bedrag het die begrote toename in besteding in 1982/83 van 11,5 tot 16,0 persent verhoog.

Inkomste-invorderings in die eerste nege maande van 1982/83 was 19,7 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. 'n Geedeelte van hierdie toename het die bykomende invordering van algemene verkoopbelasting, na die verhoging in die belastingkoers van 5 tot 6 persent vanaf 1 September, verteenwoordig. Die Begroting het vir die fiskale jaar in sy geheel vir 'n toename van 11 persent in inkomste, uitgesonderd die toename in die algemene verkoopbelasting, voorsiening gemaak.

Die hoër as verwagte inkomste-invordering was in al die hoofinkomstegroepe merkbaar. Die invorderings van indirekte belasting, bestaande uit doeane- en aksynsreg en algemene verkoopbelasting, was in die eerste nege maande van 1982/83 40 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. In die Begroting is 'n toename van 31 persent vir die fiskale jaar in sy geheel, uitsluitende die verhoging van 5 tot 6 persent in die algemene verkoopbelasting, verwag. Inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye was, soos verwag is, gedurende die eerste nege maande van 1982/83 aansienlik kleiner as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. As gevolg van die styging in die goudprys gedurende die tweede helfte van 1982 was die afname van 43 persent nietemin opmerklik kleiner as die verwagte afname van 53 persent vir die fiskale

Skatkisrekening



Tekort op Skatkisrekening



*Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir veranderings in die saldo op die Betaalmeestergeneraalrekening.


jaar in sy geheel. Inkomstebelastinginvorderings vanaf maatskappye, uitgesonderd die goudmyne, het in die eerste nege maande van 1982/83 baie nou ooreengekom met die Begroting se verwagte toename van 22 persent vir die volle fiskale jaar. Aan die ander kant was die toename in inkomstebelastingbetalings deur individue betekenisvol hoër as die begrotingsraming van 24 persent.

Finansiering van die skatkisrekeningtekort

Die tekort op die Skatkisrekening, voor lenings en skuldaflossings, het gedurende die eerste nege maande van 1982/83 R2 653 miljoen bedra. Alhoewel opmerklik hoër as die begrotingsyfer van R2 380 miljoen vir die volle fiskale jaar, sal die gebruikelike seisoenale oorskot op die Skatkisrekening gedurende die laaste kwartaal van die fiskale jaar waarskynlik die tekort verminder tot 'n bedrag wat laer as die begrotingsraming is. Die tekort van R2 653 miljoen op die Skatkisrekening is soos volg gefinansier:

	R miljoene
Staatskuldkommissarisse	752
Private nie-banksektor	2 677
Monetêre banksektor	-1 020
Buitelandse sektor	244
Totaal	2 653

Verandering in private nie-banksektor se besit aan bemarkbare staatseffekte



'n Aansienlike deel van die bedrag wat deur die Tesourie by die private nie-banksektor geleen is, het bestaan uit die verkope van nuwe staatseffekte deur die Reserwebank, wat deur die Bank op aanvraag vanaf die Tesourie verkry is. Nuwe staatseffekte-uitgiftes (uitgesonderd effekte-uitgiftes aan die Staatskuldkommissarisse) het gedurende die eerste nege maande van 1982/83 R2 780 miljoen bedra, waarvan R1 800 miljoen op aanvraag aan die Reserwebank uitgereik en deur die Bank in die mark verkoop is. Met inagneming van effekteaflossings ten bedrae van R614 miljoen gedurende hierdie nege maande, het die netto nuwe uitgifte van staatseffekte R2 166 miljoen bedra, vergeleke met 'n begrotingsraming van R800 miljoen vir die fiskale jaar in sy geheel.

Hoofsaaklik as gevolg van hierdie uitgiftes, het die totale deposito's op die Skatkis-, Betaalmeestergeneraal- en Stabilisasierekening vanaf die einde van Maart 1982 met R1 140 miljoen gestyg, om 'n vlak van R3 240 miljoen aan die einde van 1982 te bereik. Van hierdie toename het R400 miljoen 'n styging in die saldo op die Stabilisasierekening, wat aan die einde van 1982 op R2 433 miljoen gestaan het, verteenwoordig. Die toename in regeringsdeposito's het die aansienlike afname in die Tesourie se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gedurende hierdie nege maande verklaar.

Begroting van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir 1983/84

In die 1983/84-Begroting wat op 2 Maart 1983 aan die Parlement voorgelê is, word geraam dat die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste sy 1982/83-boekjaar met 'n bedryfstekort van R373 miljoen sal afsluit. Inkomste in 1982/83 is geraam op R588 miljoen minder as die oorspronklike begrotingsraming, maar die afname sal gedeeltelik deur laer bedryfsuitgawes geneutraliseer word.

Die begrotingsramings vir die 1983/84-boekjaar maak voorsiening vir inkomste van R6 244 miljoen en uitgawes van R6 878 miljoen, wat 'n tekort van R634 miljoen laat. Alhoewel vervoertariewe in Januarie 1983 met gemiddeld 15 persent verhoog is, is daar gemeld dat die verwagte tekort in 1983/84 'n verdere verhoging in tariewe gedurende die loop van die jaar noodsaaklik kan maak. Daar word beraam dat kapitaaluitgawes in 1983/84 met byna 9 persent tot R1 815 miljoen verlaag sal word. Hiervan sal R1 024 miljoen uit binnelandse en buitelandse lenings en R791 miljoen uit interne bronne gefinansier word.

Kapitaalmark

Betekenisvolle verruiming van die marktoestand

Die stram toestand in die kapitaalmark gedurende die eerste helfte van 1982 het gedurende die tweede helfte van die jaar betekenisvol verruim. Enersyds het die voortgesette resessie gelei tot 'n verlangsaming in die vraag na fondse, terwyl daar andersyds 'n toename in die algemene beskikbaarheid van fondse in die mark voorgekom het. Die laasgenoemde toename was grotendeels die gevolg van die verruimende uitwerking van die skerp styging in die goudprys en die netto invloeiing van buitelandse korttermynkapitaal, vanaf die middel van die jaar, op die netto buitelandse reserwes en die likwiditeit van die private sektor. Hierdie veranderings is weerspieël in sterk stygende aandele- en ander effektepryse en 'n ooreenstemmende skerp daling in opbrengskoerse.


Benewens die basiese verandering in die verhouding tussen vraag en aanbod in die kapitaalmark, was die daling in langtermynopbrengskoerse gedurende die tweede helfte van die jaar die gevolg van grootskaalse effektetransaksies wat deur verwagtings aangaande 'n algemene daling in rentekoerse vanaf hul sikliese hoogtepunte aangespoor is. Hierdie verwagtings is aansienlik versterk deur die daling in rentekoerse in die buiteland en die styging in die goudprys.

Groter besit aan langertermynfondse by finansiële instellings

Die seisoensaangesuiwerde toename in die besit aan langertermynfondse by bankinstellings, bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en staatspaarskemas, wat gedurende die eerste twee kwartale van 1982 gemiddeld slegs R59 miljoen beloop het, het tot R1 007 miljoen in die derde kwartaal en R1 188 miljoen in die vierde kwartaal toegeneem.

Die aansienlik groter toename in die besit aan langertermynfondse gedurende die tweede helfte van 1982 is hoofsaaklik weerspieël in bykomende beleggings by bouverenigings en bankinstellings. Die seisoensaangesuiwerde toename in bouverenigingaandele en -deposito's het van R576 miljoen in die eerste helfte van 1982 tot R1 154 miljoen in die tweede helfte versnel. Van die

Verandering in langertermynfondse belê by finansiële instellings



Besit aan langertermynfondse by nie-kontraktuele spaarinstellings

Seisoensaangesuiwerde kwartaalveranderings
R miljoene

	1982			
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.
Bankinstellings	-73	-399	585	213
Bouverenigings	161	415	324	830
Deelnemingsverbandskemas	38	74	59	82
Staatspaarskemas	-34	-64	39	63
Totaal	92	26	1 007	1 188

Uitgesoekte rentekoerse¹

%

	1981 31 Des.	31 Mei	1982 31 Des.	1983 28 Feb.
Gewone spaardeposito's	4,00	4,00	4,00	4,00
Spesiale spaardeposito's	8,25 ²	8,75 ²	8,75 ³	8,75 ³
Vaste deposito's:				
12 maande	11,50	16,00	15,00	13,00
24 maande	13,50	15,50	14,00	12,00
36 maande	13,25	14,00	14,00	12,00
60 maande	14,00	14,00	14,00	12,50
Bouverenigingaandeel:				
Opbetaalde onbepaalde termyn	11,50	14,00	14,00	14,00
Belastingvrye aandele	8,75	9,50	9,50	9,50
Posspaarbanksertifikate	8,75	9,50	9,50	9,50
Nasionale Spaarsertifikate ⁴	9,00	9,00	9,75	9,75
Belastingvrye Tesourie-obligasies	8,75	9,50	9,50	9,50

¹ Oorheersende koerse

² Deposito's kleiner as R15 000.

³ Deposito's van tot R10 000.

⁴ Gemiddelde koers oor die hele beleggingstermyn.

totale netto invloeiing van nuwe fondse na die verenigings gedurende 1982 het R1 508 miljoen bestaan uit 'n styging in vaste deposito's, R218 miljoen uit 'n toename in spaardeposito's en R4 miljoen uit 'n groter aandelebesit. Die toename in die besit aan langertermynfondse by bankingstellings wat gedurende die eerste helfte van 1982 gedaal het, het gedurende die tweede helfte van die jaar R798 miljoen bedra.

In ooreenstemming met ander rentekoerse, het deposito- en verwante rentekoerse gedurende die tweede helfte van 1982, veral gedurende die vierde kwartaal, gedaal. Verdere afwaartse aanpassings is gedurende Januarie en Februarie 1983 gemaak. Die bygaande tabel toon die veranderings in die belangrikste koerse vanaf die einde van 1981 tot die einde van Februarie 1983.


Lewendige mark vir vaste-rentedraende effekte

Die mark vir vaste-rentedraende effekte is gekenmerk deur 'n baie groot omset in effekte van die openbare sektor gedurende die tweede helfte van die jaar. Die waarde van hierdie effekte wat op die Johannesburg Effektebeurs verhandel is, het opgeskiet van 'n kwartaal gemiddelde van R2 358 miljoen in die eerste helfte van 1982 tot R5 756 miljoen in die derde kwartaal en R6 168 miljoen in die vierde kwartaal. Die totale omset van R16 640 miljoen in 1982 was aansienlik hoër as die ooreenstemmende syfer van R5 100 miljoen in 1981. Die bedrywigheid in die primêre mark was in 1982 ook op 'n aansienlike hoër vlak as in die voorafgaande jaar. 'n Netto bedrag van R5 670 miljoen (uitgesonderd veranderings in die Reserwebank en die Staatskuldkommissaris se besit aan staatseffekte en in die openbare korporasies en plaaslike owerhede se besit aan hulle eie effekte) is in 1982 deur leners in die openbare sektor opgeneem, vergeleke met R2 165 miljoen in 1981.

Die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte in die sekondêre mark het in Julie 1982 'n hoogtepunt

bereik en daarna skerp gedaal. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte het van 13,3 persent in Desember 1981 tot 14,7 persent in Julie 1982 gestyg, voordat dit tot 11,3 persent in Desember en 10,6 persent in Januarie 1983 gedaal het. Die ooreenstemmende opbrengskoerse op semi-primaeffekte van die hoogste graad het van 13,4 persent in Desember 1981 tot 14,8 persent in Julie verlede jaar gestyg en daarna tot 11,7 persent in Desember en 11,2

Opbrengskoerse in sekondêre mark



persent in Januarie 1983 gedaal. In reaksie op die afskaffing van valutabeheer oor nie-inwoners en die daling in die goudprys, het die opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte en semi-prima-effekte weer gestyg en in Februarie gemiddeld 11,40 persent en 11,78 persent onderskeidelik bedra.

Skerp styging in omset en pryse op die aandelemark


Die afwaartse neiging in die omset en pryse op die aandelemark vanaf Oktober 1980 is in Julie 1982 omgekeer. Die aantal aandele wat gedurende die tweede helfte van 1982 op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, was 68 persent hoër as in die eerste helfte en vir die jaar in sy geheel was dit 6 persent hoër as die omset in 1981. Gedurende Januarie en Februarie 1983 was die aandele-omset 30 persent hoër as die maandelikse gemiddelde vir die vierde kwartaal van 1982.

Aandelepryse het van Junie tot Desember 1982 met gemiddeld 64 persent gestyg tot 'n vlak wat gemiddeld

9 persent hoër was as in Desember 1981. Goudmyn-aandelepryse het van Junie tot Desember 1982 met 129 persent gestyg, terwyl die ooreenstemmende styging in die pryse van alle mynaandele 100 persent be-loop het. Gedurende hierdie tydperk van ses maande het die pryse van finansiële aandele met 59 persent en die pryse van nywerheids- en handelsaandele met 30 persent toegeneem. In Januarie 1983 het aandelepryse gemiddeld met 'n verdere 14 persent bo hulle vlakke in Desember gestyg, maar in Februarie met 2 persent gedaal. As 'n weerspieëling van die toename in aandelepryse, het die gemiddelde dividendopbrengskoerse op alle klasse aandele van 9,4 persent in Junie tot 6,5 persent in Desember en 5,8 persent in Februarie 1983 gedaal.

Na die afskaffing van die valutabeheer oor nie-inwoners, het die gemiddelde daaglikse waarde van aandele verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs, wat R27,7 miljoen in Januarie 1983 en R27,4 miljoen in die eerste vier sakedae van Februarie bedra het, gestyg tot R38,5 miljoen in die week wat op 7 Februarie begin het. Op die eerste dag van die nuwe enkelvoudige wisselkoersstelsel is 'n omset van nie minder nie as R52,4 miljoen aangeteken. In totaal het die waarde van aandele verhandel in Januarie en Februarie onderskeidelik R583 miljoen en R565 miljoen bedra, vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde van R365 miljoen in die vierde kwartaal van 1982.

Effektebeurs



Verhoogde leningsbedrywigheid in die verbandmark

Die toename in die vloei van fondse na bouverenigings het hulle in staat gestel om 'n ruimer uitleenbeleid te volg. Die seisoensaangesuiwerde bedrag aan nuwe verbandlenings toegestaan het toegeneem van 'n kwartaalike gemiddelde van R490 miljoen in die eerste drie kwartale van 1982 tot R838 miljoen in die vierde kwartaal. Die seisoensaangesuiwerde bedrag aan nuwe verbande werklik uitbetaal, het egter stadiger aangepas en gestyg van 'n kwartaalike gemiddelde van R518 miljoen in die eerste helfte van 1982 tot onderskeidelik R591 miljoen en R607 miljoen in die derde en vierde kwartale. Die verskil tussen nuwe lenings toegestaan en uitbetaal, is weerspieël in opmerklik hoër leningsverpligtings. 'n Toename van R38 miljoen in hierdie verpligtings gedurende die eerste helfte van 1982 is gevolg deur 'n styging van R288 miljoen gedurende die tweede helfte.

Nuwe verbandlenings uitbetaal was nie alleen kleiner as die lenings toegestaan nie, maar kon ook nie die verenigings se invloeiing van nuwe fondse ewenaar nie. Gevolglik het die bouverenigings in die tweede helfte van 1982 hulle besit aan voorgeskrewe beleggings met 'n seisoensaangesuiwerde bedrag van R741 miljoen verhoog. Hulle oorskotbesit aan hierdie beleggings het van R550 miljoen in Junie 1982 tot R1 179 miljoen in Desember toegeneem.

Rentekoerse



Aanpassings in die bouverenigings se verbandkoerse, wat gewoonlik neig om te sloer by ander rentekoersveranderinge, het nie die afwaartse aanpassing in ander koerse gedurende die laaste deel van 1982 en Januarie 1983 gevolg nie. Die buigsamer deelnemingsverbandkoers, uitsluitende die bestuursfooi, het egter van 'n hoogtepunt van 19,15 persent in Oktober 1982 tot 18,0 persent in Januarie 1983 gedaal.

Volgehoue hoë omset in vaste eiendomsmark

Die omset in die mark vir vaste eiendom, wat gedurende die derde kwartaal van 1982 effens gedaal het vanaf 'n hoogtepunt in die voorafgaande kwartaal, het gedurende die vierde kwartaal 'n hernieude styging getoon. Die seisoensaangesuiwerde waarde van transaksies in vaste eiendom het in die vierde kwartaal 'n nuwe rekordvlak van R1 795 miljoen bereik. Gedurende 1982 in sy geheel was die waarde van transaksies in vaste eiendom 13 persent hoër as in 1981.

Verklaring oor die afskaffing van valutabeheer oor nie-inwoners

Uitgereik deur Sy Edele O.P.F. Horwood, Minister van Finansies

5 Februarie 1983

In sy *Tussentydse Verslag oor Wisselkoerse in Suid-Afrika*, wat in November 1978 ingedien is, het die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika "as die mees geskikte uiteindelijke stelsel vir Suid-Afrika", 'n "enkelvoudige ('unitary') wisselkoersstelsel" aanbeveel "waaronder 'n onafhanklike en beweeglike rand sy eie vlak vind in goed ontwikkelde en mededingende kontant- sowel as termynvalutamarkte in Suid-Afrika, onderworpe aan Reserwebank-'intervensie' of -'beheer' deur middel van aankope en verkope van valuta (hoofsaaklik VSA-dollars), maar met geen valutabeheer oor nie-inwoners nie en slegs beperkte beheer oor inwoners". As 'n oorgangsmaatreël het die Kommissie "die uitbreiding van die huidige tweeledige wisselkoersstelsel in Suid-Afrika na 'n meer ontwikkelde en formele stelsel met 'n beheerde, markbepaalde koers vir 'n onafhanklike en beweeglike 'kommersiële rand', en 'n meer vryelik beweeglike koers vir 'n 'finansiële rand'", aanbeveel.

Soos ek in Januarie 1979 aangekondig het, het die Regering die Kommissie se Verslag aanvaar en onmiddellik die aanbevole evolusionêre proses van wisselkoers- en valutabeheerhervorming aan die gang gesit. Onder andere is die bestaande "effekterand" na 'n "finansiële rand" omskep deur die gebruik wat nie-inwoners van effekterand kon maak, uit te brei en deur sekere inwonertransaksies deur die nuwe mark vir finansiële rand te kanaliseer.

Die Regering is van mening dat die tyd nou aangebreek het om die hervormingsproses 'n stap verder te voer en die Kommissie se langertermynaanbeveling soos hierbo uiteengesit, ten uitvoer te bring. Met ingang van 7 Februarie 1983 sal valutabeheer oor nie-inwoners derhalwe afgeskaf word. Dit beteken dat die "finansiële rand", en die tweeledige wisselkoersstelsel wat in een of ander vorm bestaan het sedert valutabeheer oor nie-inwoners in 1961 vir die eerste maal in Suid-Afrika ingestel is, sal verdwyn.

In die toekoms sal die plaaslike opbrengs van die verkoop van genoteerde en ongenoteerde Suid-Afrikaanse effekte, vaste eiendom en ander eienaarsbelange wat deur nie-inwoners gehou word, nie langer as "finansiële rand" aangewys word nie maar vryelik deur normale bankkanale teen die heersende enkelvoudige wisselkoers van die rand vanaf Suid-Afrika oordraagbaar wees. Sodanige opbrengste sal ook vryelik binne die Rand Monetêre Gebied deur nie-inwoners vir beleggings- of ander doeleindes aangewend kan word.

Valutabeheer oor inwoners sal, met sekere verslapping, behou word. Soos in die verlede sal inwoners van die Rand Monetêre Gebied nie toegelaat word om kapitaaloordragte na ander lande te bewerkstellig sonder die voorafgaande goedkeuring van die Valutabeheerowerhede nie. Om te verseker dat inwoners nie deur ef-

fektetransaksies sulke oordragte sal maak nie, sal die bestaande administratiewe prosedures met betrekking tot die registrasie, oordrag en endossering van effekte in die besit van nie-inwoners gehandhaaf moet word. Die bates wat plaaslik deur voormalige inwoners wat uit Suid-Afrika geëmigreer het, gehou word, sal ook nog op dieselfde basis as in die verlede "geblokkeer" bly.

As deel van die Regering se verklaarde beleid om valutabeheer oor inwoners geleidelik te verslap en te vereenvoudig, is egter besluit om, eweneens met ingang van 7 Februarie 1983, ten opsigte van buitelandse reis- en studietoelaes, emigrasiefasiliteite en oordragte van erflatings die volgende toegewings toe te staan:

- (1) Die gewone reistoelae vir toeriste sal vanaf R4 000 tot R6 000 per persoon per kalenderjaar verhoog word, en die vir Suid-Afrikaanse sake-manne op sakebesoeke in die buiteland vanaf R250 per dag, met 'n maksimum van R7 500 per kalenderjaar, tot R500 per dag, met 'n maksimum van R10 000 per kalenderjaar.
- (2) Emigrante, wat in die verlede R100 000 per gesinseenheid deur die mark vir finansiële rand na ander lande kon oorplaas, sal in die toekoms toegelaat word om dieselfde bedrag deur gewone bankkanale oor te plaas teen die heersende enkelvoudige wisselkoers van die rand, wat 'n gunstiger koers vir hulle behoort te wees as die koers van die voormalige finansiële rand.
- (3) Oordragte uit gestorwe boedels, wat in die verlede ten volle deur die mark vir finansiële rand bewerkstellig kon word, sal in die toekoms toegelaat word om tot 'n maksimum van R100 000 per begunstigde deur normale bankkanale teen die (gunstiger) enkelvoudige wisselkoers van die rand bewerkstellig te word, sonder dat dit vooraf aan die Reserwebank voorgelê hoef te word. Vir die oordrag van bykomende bedrae kan deur bemiddeling van 'n gemagtigde handelaar in buitelandse valuta 'n program met die Valutabeheerowerhede uitgewerk word.

Verdere besonderhede van al hierdie valutabeheerverslappings word voorsien in nuwe valutabeheeromsendbriewe en -kennisgewings wat vanaf 08h30 op Maandag, 7 Februarie 1983, deur gemagtigde handelaars in buitelandse valuta, effektemakelaars en oordragesekretarisse by die Deviesebeheerafdeling van die Reserwebank, Boland Bank-gebou, Vermeulenstraat, Pretoria, of by die Reserwebank se Takkantoor op die hoek van Simmondsstraat en Foxstraat, Johannesburg, verkry kan word.

Die Regering is ingenome met die feit dat sy fiskale en monetêre beleid van konsolidasie en aanpassing daartoe bygedra het om so 'n verstewiging van sowel die betalingsbalans as van die binnelandse finansiële

toestand teweeg te bring dat hy nou in 'n posisie verkeer om die belangrike voorwaartse stap te doen om valutabeheer oor nie-inwoners af te skaf en sodoende terug te keer na die toestand wat tot 1961 bestaan het. As 'n land wat ongetwyfeld oor groot groeimoglikhede beskik en wat glo in die verdienstelikhede van private ondernemerskap en die kragte van die vrye mark, het Suid-Afrika altyd buitelandse kapitaal en buitelandse deelname in sy binnelandse ekonomiese ontwikkeling verwelkom en buitelandse beleggers goed beloon. Deur valutabeheer oor nie-inwoners af te skaf en daardeur ook die ontmoedigende uitwerking wat hierdie beheer moontlik op buitelandse belegging kon gehad het, weg te neem, wil die owerhede nie slegs toon dat hulle buitelandse kapitaal goedgesind is nie, maar ook dat hulle in staat is om vir produktiewe en winsgewende buitelandse belegging 'n geskikte en billike klimaat te voorsien.

Benewens die feit dat dit die ruimte geskep het vir die aansienlike verslapping van valutabeheer wat ek vandag aankondig, het die onlangse heel merkwaardige verbetering in Suid-Afrika se betalingsbalans en binnelandse finansiële toestand so 'n stap vanuit die oogpunt van ekonomiese stabilisasiebeleid ook hoogs wenslik gemaak. Dit blyk duidelik uit die volgende ontwikkelings:

- (1) Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers bereken, het die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans vanaf R6,9 miljard in die eerste kwartaal van 1982 en R5,4 miljard in die tweede kwartaal tot minder as R1 miljard in die derde kwartaal afgeneem. Voorlopige ramings dui daarop dat hierdie tekort in die vierde kwartaal in 'n klein oorskot omgesit is. Hierdie merkwaardige verbetering was hoofsaaklik die gevolg van 'n verdere daling in die invoer en 'n herstel van die goudprys. Dit lyk nou waarskynlik dat Suid-Afrika se betalingsbalans, selfs sonder enige betekenisvolle ekonomiese herstel in die belangrikste nywerheidslande vanjaar, in 1983 'n matige oorskot op die lopende rekening sal toon. En indien daar later in die jaar wel 'n merkbare oplewing in die nywerheidslande voorkom, sou hierdie lopende oorskot taamlik groot kon word namate Suid-Afrika se uitvoere anders as die van goud hul opwaartse neiging hervat.
- (2) Hierbenewens was daar in die afgelope paar maande 'n aansienlike netto invloeiing van buitelandse kapitaal na die private sektor, hoofsaaklik in die vorm van handelskrediete en lenings. Dit was grotendeels die gevolg van ons fiskale en monetêre beleid, wat 'n vernouing van die binnelandse finansiële markte en die handhawing van hoër nominale rentekoerse in Suid-Afrika as in die Verenigde State en die Eurodollarmark meegebring het — wat, op hulle beurt, daartoe bygedra het om 'n ommekeer teweeg te bring van die rand se neiging om in terme van ander geldeenhede te

depresieer en om die verwagting te skep dat dit sou aanhou om te appresieer. Begrypkerwys het hierdie kombinasie van laer oorsese rentekoerse en die verwagting van 'n verdere verstewiging van die rand baie sake-ondernemings in Suid-Afrika daartoe aangespoor om meer van buitelandse finansiering gebruik te maak sonder om die koste van termynvalutadekking aan te gaan.

- (3) Die onvermydelike resultaat van hierdie ontwikkelings op die lopende en kapitaalrekening van die betalingsbalans was 'n kombinasie van 'n appresiasie van die rand en vinnig stygende netto buitelandse reserwes, wat hoofsaaklik aansienlike terugbetalings van buitelandse krediete deur die Reserwebank en die ander banke weerspieël het. Sedert die middel van 1982 het die rand in terme van 'n geweegde "mandjie" van geldeenhede met bykans 10 persent geappresieer en het die netto buitelandse reserwes met meer as R2,5 miljard gestyg indien waardasie-aansuiwerings uitgesluit word en met ongeveer R3,6 miljard indien waardasie-aansuiwerings ingesluit word.
- (4) 'n Verdere uitvloeisel van hierdie ontwikkelinge was 'n hernieude versnelling van die seisoensaangesuiwerde koers van toename, teen 'n jaarkoers bereken, van die geldvoorraad in die ruimer sin (M_2) vanaf 4,2 persent in die tweede kwartaal van 1982 tot 13,7 persent in die derde kwartaal en 14 persent in die vierde kwartaal, wat 'n koers van toename van 17,4 persent vir die jaar 1982 in sy geheel opgelewer het.
- (5) Onder hierdie omstandighede het sowel lang- as korttermynrentekoerse sedert Oktober 1982 skerp gedaal. Die prima-uitleenkoers van die handelsbanke het van 20 persent in Oktober 1982 tot 17 persent op 24 Januarie 1983, en die koers op bankaksepte van drie maande van 17,35 persent op 24 September 1982 tot 11,60 persent vroeg in Februarie 1983, gedaal.
- (6) Nog 'n verwante ontwikkeling was 'n aansienlike styging in die pryse en omset van aandele op die Johannesburgse Effektebeurs sedert ongeveer die middel van 1982, wat klaarblyklik aansienlike stukrag ontleen het aan die herstel van die goudprys tot die vlak van ongeveer \$500 per ons.

Tot op sekere hoogte, en met inagneming van die afwaartse sikliese fase waarin die ekonomie hom tans bevind, is hierdie verskillende ontwikkelings deur die owerhede verwelkom en beskou as bewys van die verbetering in die betalingsbalans sowel as in die binnelandse finansiële toestand. Maar veral in die lig van die dringende behoefte om die inflasiekoers in Suid-Afrika, wat nou reeds vir meer as 'n jaar meer as twee maal so hoog as die van ons belangrikste handelsvennote is, te verminder, is dit van die grootste belang dat die owerhede in die maande wat voorlê nie hul beheer oor geld, krediet en rentekoerse sal verloor nie.

Tot dusver is hierdie gevaar grotendeels afgeweer

deur die wetslae van die Tesourie se leningsfinansiering en die Reserwebank se optrede in die finansiële markte, en deur die beleid waarvolgens die rand toegelaat is om te appresieer. Daar is egter klaarblyklik 'n grens aan die mate waarin hierdie beleid deurgevoer kan word sonder om 'n ondraaglike las op die Tesourie te plaas of probleme te skep vir uitvoerders anders as die van goud en vir binnelandse nywerhede wat met ingevoerde goedere moet meeding.

Die behoefte om monetêre stabiliteit te handhaaf en inflasie aan bande te lê het derhalwe 'n belangrike rol gespeel by die Regering se besluit om valutabeheer oor nie-inwoners op hierdie besondere tydstip af te skaf. Hoewel die verskillende kort- en langtermyninvloede wat hierdie stap op geld, krediet, rentekoerse, aandele-

pryse en wisselkoerse sal uitoefen, onmoontlik noukeurig voorspel kan word, is dit duidelik dat daar onvermydelik 'n aantal aanpassings in hierdie verskillende pryse en hoeveelhede sal wees. Dit is in werklikheid egter juis die doel van ons optrede. Ek verwag egter met vertroue dat hierdie pryse en hoeveelhede, ná 'n mate van aanvanklike onsekerheid, in hul nuwe relatiewe posisies tot rus sal kom, en dat die netto resultaat 'n fundamenteel meer gesonde onderliggende toestand vir die Suid-Afrikaanse ekonomie sal beteken as wat andersins sou bestaan het.

Ons doen hierdie belangrike voorwaartse stap vanuit 'n posisie van onderliggende sterkte en in die sekere verwagting dat dit vir die Suid-Afrikaanse ekonomie in die jare wat voorlê belangrike voordele sal meebring.

Verklaring oor die primakoersverlaging

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. Gerhard de Kock

3 Maart 1983

Ek verwelkom die verlaging van 16 tot 14 persent in die prima-oortrekkingskoers wat vandag deur die handelsbanke aangekondig is. Hierdie stap is in ooreenstemming met die Reserwebank se huidige monetêre beleid en dit dien as welkome bewys van die gesonde werking van markkragte in 'n mededingende bankstelsel. Die primakoers is nou meer paslik in ooreenstemming met ander korttermynkoerse gebring.

Ter erkenning van die vinnige verbetering in sowel die lopende as die kapitaalrekening van die betalingsbalans, die verdere verlangsaming in die binnelandse ekonomie en die aansienlike daling in buitelandse rentekoerse, het die monetêre owerhede, as doelbewuste beleid, toegelaat dat binnelandse rentekoerse in on-

langse maande aansienlik daal in reaksie op markkragte. In daardie mate was daar 'n verslapping in monetêre beleid as 'n doelbewuste kontra-sikliese maatreël.

Met die oog op die dringende noodsaaklikheid om inflasie te beveg en om Suid-Afrika se eksterne finansiële posisie te versterk, bly die monetêre beleid egter daarop gerig om enige buitensporige styging in die geldhoeveelheid of oormatige daling in rentekoerse te voorkom. Vir hierdie doel sal ontwikkelings in die betalingsbalans en die finansiële markte voortdurend noukeurig dopgehou word en elke poging sal aangewend word om 'n inflasionistiese opbouing van binnelandse likwiditeit teen te werk.

Verklaring insake buitelandse saldo's wat deur Suid-Afrikaanse bankinstellings gehou word

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. Gerhard de Kock

4 Maart 1983

Kragtens die bestaande Daviesbeheerregulasies, word die totale saldo's wat Suid-Afrikaanse gemagtigde handelaars in buitelandse valuta in die buiteland mag aanhou, tot ongeveer R300 miljoen beperk. Daar is nou besluit om hierdie perk tot R600 miljoen te verhoog. Elke bankinstelling wat hierby betrokke is, sal deur die Re-

serwebank van die besonderhede met betrekking tot sy eie individuele perk in kennis gestel word. Hierdie stap beteken 'n verdere verslapping van valutabeheer oor inwoners en het ook ten doel om die verdere ontwikkeling van die kontant- en termynmarkte in buitelandse valuta in Suid-Afrika te bevorder volgens die beginsels

wat deur die Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid aanbeveel is.

Die Reserwebank is ook bereid om nuwe korttermynvalutaruilooreenkomste met Suid-Afrikaanse bankinstellings aan te gaan waarvolgens die Bank VSA-dollars teen kontantbetaling in rand aan die banke sal verkoop, terwyl terugkoopoooreenkomste ten opsigte van hierdie dollars terselfdertyd vir periodes van een, twee of drie maande deur die Bank met die betrokke banke gesluit sal word. Hierdie terugkoopoooreenkomste sal aangegaan word teen die kontant-verkoopprys plus of minus 'n rentekoersfaktor wat gebaseer sal wees op die rentekoersverskille wat ten opsigte van die betrokke periode tussen die geldmarkte in Suid-Afrika en die VSA bestaan. Die saldo's wat ingevolge hierdie spesiale ruiltransaksies deur die banke in die buiteland gehou sal word, sal nie by die bogenoemde perk van R600 miljoen ingesluit word nie.

Vanaf Maandag 7 Maart 1983 sal die Reserwebank op die Reuters Monitor-skerm (SARB-bladsy) die koerse aandui waarteen die Bank bereid is om sulke ruilooreenkomste aan te gaan. Banke wat begerig is om van sodanige ruilooreenkomste gebruik te maak, word versoek om telefoniese aanbiedings regstreeks aan die Reserwebank te maak.

Hierdie maatreëls maak 'n deel uit van die Reserwebank se beleid om te voorkom dat, na die vinnige verbetering wat gedurende die afgelope aantal maande in die Suid-Afrikaanse betalingsbalans ingetree het, nuwe inflasionistiese druk deur 'n oormatige verruiming van die toestand in die binnelandse geldmark en bankwese in die lewe geroep word.

Opmerkings oor tabelle

Tabelle S-76 tot S-79 bevat gegewens aangaande Suid-Afrika se buitelandse bates en laste soos op 31 Desember 1980. Hierdie inligting is oorspronklik gepubliseer as deel van die resultate van die "Derde Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates" in die *Bylaag* tot die Bank se *Kwartaalblad* van Desember 1982. In hierdie *Bylaag* is die begrippe en definisies wat in die sensus gebruik is, die metodes van samestelling en die waardasie van die buitelandse transaksies, laste en bates en die hoofresultate van die sensus in besonderhede bespreek. Die 1980-sensus het die hersiening van die syfers ten opsigte van Suid-Afrika se laste en bates in die jare 1974 tot 1979 genoodsaak. Hierdie hersiene syfers is ingesluit in tabelle S-76 tot S-79.